

# DIE WORTELS VAN AFRIKAANS

## Europese wortels

Afrikaans het uit 'n wye verskeidenheid van bronne ontwikkel en sy wortels lê oor drie kontinente versprei, naamlik: Europa, Asië en Afrika. In 1652 het die VOC 'n verversingspos aan die Kaap gestig vir sy skepe op hul reis na en van die Ooste. Die amptenary van die VOC het hoofsaaklik Hollands gepraat en die matrose en soldate 'n mengsel van 17de eeuse Nederlandse en Nederduitse dialekte wat ontwikkel het uit die nie-standaard Germaanse taalbasis. Nie-standaard verwys hier na die ongestandaardiseerde of volkskarakter van die taal waar baie dialektiese variasies moontlik was. Algemeen Beskaafde Nederlands is eers later in die 17de eeu gereglementeer en Afrikaans het nie daaruit ontwikkel nie.

Sedert 1657 is plase uitgegee aan die Vryburgers wat nie in diens van die VOC was nie. Hierdie mense was van verskillende Europese lande afkomstig bv die Duitssprekende gebiede, Nederland, die Skandinawiese lande en Frankryk. Aangesien die taalbeleid van die VOC baie streng was en hulle angstig was om die Hollandse karakter van die Kaap te behou, is die mense almal verplig om Hollands aan te leer. Die invloed van die verskillende Nederlandse dialekte en die aanleer van die taal deur Europese vreemdelinge, het 'n gelykmakende en vereenvoudigende effek daarop gehad wat versterk is deur die invloed van die Khoi-groepe en die Oosterse slawe. Die resultaat hiervan was 'n aanleerderstaal waarvan Hollands die teikentaal was. Party navorsers verwys hierna as 'n kreoolse taal. Reisigers het reeds in 1671 aangeteken dat die Hollands wat aan die Kaap gepraat word nie meer klink soos die taal van Europa nie. Die skryftaal was egter nog dieselfde. Teen die middel van die 18de eeu, was Afrikaans as 'n nuwe taal met 'n eie identiteit reeds aan die Kaap gevestig. Die taal het as Kaaps-Hollands bekend gestaan, maar het in party streke ook ander name gehad. Die Afrikaans wat by die Genadendal Sendingstasie gepraat is, het bv by die Britse owerhede bekend gestaan as *Genadendal Dutch*.

## Duits

Die VOC het 'n beleid gehad dat al hul amptenary in uitvoerende posisies Nederlands moes wees. 'n Groot gedeelte van hul ambagslui, soldate en matrose was egter van ander Europese lande afkomstig en veral die Duitssprekende gebiede. Teen die tyd dat Jan van Riebeeck in 1652 die verversingspos aan die Kaap kom stig het, was die Vrede van Westfale,

wat die dertigjarige oorlog (1618-1648) beëindig het, maar 4 jaar oud. Baie mense van die Duitssprekende gebiede het aan die verwoesting en armoede wat die oorlog gevolg het, probeer ontsnap deur in hul welgestelde buurland 'n heenkome te gaan soek. Nederland het gedurende die 17de eeu 'n ekonomiese bloeitydperk ervaar wat bekend gestaan het as die Goue Eeu en die VOC was maar te gretig om die Duitse trekarbeiders in diens te neem. Baie van hierdie Duitsers het uiteindelik as Vryburgers aan die Kaap 'n nuwe begin gemaak nadat hulle uit die VOC se diens getree het. Teen die tweede kwart van die 18de eeu het die getalle van die Duitsers aan die Kaap die getalle van die Nederlanders oortref. 'n Mens sou dus verwag dat hul taal 'n aansienlike invloed op die ontwikkeling van Afrikaans moes hê, maar in werklikheid was die taalinvloed nie heeltemal so sterk nie. 'n Paar verklarings hiervoor is die feit dat die Duitsers agv van die VOC se taalbeleid verplig is om Hollands aan te leer en die feit dat hulle meesal as enkelinge wat maklik in die samelewing geassimileer kon word na die Kaap gekom het. Boonop het 'n groot persentasie van hulle met Hollandse meisies getrou wat beteken het dat hul huisgesinne 'n meer Hollandse as Duitse karakter gehad het. Die meerderheid van hierdie Duitssprekende mense het die Nederduitse dialekte gepraat wat in elk geval in vele opsigte met die Hollandse dialekte ooreengekom het en uit min of meer dieselfde nie-standaard Germaanse taalbasis gekom het. Dit is in vele gevalle moontlik om Afrikaanse verskynsels se wortels te vind in Hollandse sowel as Nederduitse dialekte van die 17de eeu omdat die twee groepe tale in elk geval 'n gemeenskaplike taalbasis gehad het. 'n Ander faktor wat die verhollandsing van die Duitse gemeenskap versnel het, was die feit dat die VOC slegs die Hollandse staatskerk aan die Kaap toegelaat het. Die Lutherse kerk, wat 'n sterk Duitse karakter gehad het, is eers in 1779 toegelaat en toe ook slegs met 'n Hollandse predikant.

## **Frans**

Die eerste Franse Hugenote het in 1688 na die Kaap gekom. Anders as die Duitssprekende mense, het hierdie groep mense bestaan uit volledige gesinne wat maklik 'n gemeenskap met 'n sterk Franse karakter aan die Kaap tot stand sou kon bring. So iets het egter glad nie by die VOC byval gevind nie en hulle het dit verhoed deur die Franse gesinne ver uitmekaar tussen die Nederlandse boere te versprei en hulle nie toegang tot Franse skole en kerke te gee nie. Teen 1725 toe die laaste Hugenote toegelaat is om na die Kaap te immigrer, was die oorspronklike groep feitlik heeltemal in die Hollandse gemeenskap geassimileer en was Frans nie meer 'n lewensvatbare taal aan die Kaap nie. Daar was dus min sprake van direkte

Franse ontlenings aan die Kaap. Die Franse taal het egter wel 'n meer indirekte invloed op Afrikaans gehad deurdat dit sedert die Middeleeue die Europese tale en ook Hollands baie sterk gekleur het. Die 17de eeuse Hollandse dialekte wat na die Kaap gekom het, was reeds propvol Franse leenwoorde wat toe ook in Afrikaans opgeneem is.

### **Khoi-invloed**

Die Nederlandse seevaarders het reeds in 1595 vir die eerste keer met die Khoi-groepe aan die Kaap kennis gemaak. Die kontak het egter eers in 1652 met die vestiging van die Nederlandse verversingspos aan die Kaap meer intensief geraak. Hulle was veral van die Khoi afhanklik vir die voorsiening van beeste vir vleis en het baie ruilhandel met hierdie groep gedryf. Die Khoi het aanvanklik nie vir die koloniste gewerk nie, dit sou eers later begin gebeur ná die pokke epidemies van 1713 en 1755-1756. By uitsondering het hulle wel soms vir die Vryburgers werk verrig. Aangesien die Nederlanders nie vir die aanleer van die Khoi-tale kansgesien het nie, moes die Khoi noodgedwonge Nederlands leer. Die Nederlanders het dit onmoontlik gevind om die taal wat so totaal van hul eie verskil het, aan te leer, veral agv die vele klapklanke wat hulle nie onder die knie kon kry nie. Die Kompanjie het deur sy streng maatreëls ook sy amptenare byna verbied om Hottentots aan te leer. Hulle was baie gesteld om Nederlands as moedertaal te behou.

Die Khoi het vroeg na 1652 in groot getalle Nederlands begin aanleer en 'n baie vereenvoudigde variant daarvan begin praat. Teen die agtiende eeu het hierdie proses so ver gevorder dat die Khoi-sprekers begin het om hul eie moedertaal te verloor. Voor dit egter gebeur het, het die Khoi-tale 'n groot invloed gehad op die vroeë variant van Afrikaans bekend as Oranjerivierafrikaans. Die paar mense van die Khoi-groepe wat die pokke-epidemies van die agtiende eeu oorleef het, het hulle van die Kaap verwyder en teen die Oranjerivier gaan vestig. Daar het hulle die Oranjerivier variant van Afrikaans verder ontwikkel en uitgebrei. Vandag bestaan dit veral nog in Griekwa-Afrikaans en Namakwaland Afrikaans. Na die pokke epidemies het die ontstamde Hottentotte hulle dikwels naby blanke gemeenskappe in die binneland gevestig en hulself as arbeiders aan hulle verhuur (veral as veewagters). Die vry Hottentotte is deur die regering beskerm en as kompanjiesonderdane verklaar. Teen 1798 was ongeveer 14 000 van die 15 000 vryhottentotte in die kolonie in die distrikte van Swellendam en Graaff-Reinet woonagtig en het hulle vir die veeboere daar gewerk.

## **Invloed van die slawe**

Die eerste slawe is in 1654 na die Kaap gebring vanaf Madagaskar om te voorsien aan die arbeidsbehoefte van die Kaapse verversingspos. Na 1658 het die besendinge al hoe groter geword sodat daar teen 1808 ongeveer 63 000 slawe uit verskillende gebiede na die Kaap ingevoer is. Die slawe het meestal gekom vanuit Angola, Guinee, Madagaskar, die Indiese kusgebiede by Malabar, Koromandel en Bengale, die Oos-Indiese Eilande en die Indiese Argipel. Die meeste van hulle kon 'n vorm van Portugees, bekend as Maleis-Portugees praat. Hierdie taal het in die Portugese kolonies van die Ooste ontwikkel gedurende die 15de en 16de eeue. Dit is gedurende daardie tyd deur Oosterlinge gebruik om met seevaarders, handelaars, soldate en matrose te kommunikeer. Nederlandse matrose het dit ook aangeleer om met die plaaslike mense te kon praat nadat hulle van die Portugese besittings in die Ooste afgeneem het.

Die slawe het verskillende moedertale gehad en moes almal Nederlands leer om oor die weg te kon kom. Die tale wat gedurende die 17de en 18de eeue onder die slawe gepraat is, was veral Maleis, Boeginees en Maleis-Portugees. Maleis was die voertaal van Indonesië en vandag staan dit bekend as Bahasa Indonesia. Die taal het nie net op Afrikaans 'n invloed gehad nie, maar ook op Nederlands, in so 'n mate dat daar vandag nog woorde van Maleise oorsprong in moderne Europese Nederlands gebruik word. Die VOC het die opdrag gegee dat daar nie in Portugees met die slawe gekommunikeer mag word nie en dat hulle gedwing moes word om Nederlands te leer. Die soort Nederlands wat hulle probeer aanleer het was nie die formele taal van die amptenare nie, maar die eenvoudiger Nederlandse dialekte van die matrose en soldate. Dit was vir hulle baie belangrik om Nederlands te leer, aangesien slegs slawe wat die taal magtig was, hul vryheid kon terugkoop. In 1658 is daar 'n skool gestig waar die slawekinders Hollands kon leer. Dit was die eerste skool aan die Kaap; daar sou eers in 1663 'n skool vir die blanke kinders gestig word. Die slawe het dikwels die kinders van hul meesters opgepas en op hierdie manier het die vroeë Afrikaans wat hulle gepraat het ook die taal van die volgende geslag Nederlanders aan die Kaap beïnvloed. Van die eerste geskrewe getuienis van die taal wat deur die slawe gepraat is, is die ou hofverslae aan die Kaap, waar slawe wat getuienis gelewer het se uitings woordelings en foneties neergeskryf is deur beamptes van die hof.

Na 1780 is die meeste van die slawe wat aan die Kaap gebruik is, mense wat plaaslik gebore is en nie meer ingevoerde slawe nie. Baie van hulle het ook op die plase van die vryburgers beland. Die taal van die slawe het 'n baie groot invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad. Aangesien hulle hul vryheid kon terugkoop, was daar reeds teen die einde vd 18de eeu 'n groot gemeenskap van vryslawe aan die Kaap. Baie van hulle het hulself in die ambagte gevestig, bv as kleremakers, bakkers, messelaars, skrynwerkers, kokke ens. Aangesien ambagswerk as slawewerk beskou is, het Europeërs aan die Kaap dit byna glad nie meer beoefen nie en het die ambagswêreld aan die Kaap in 'n groot mate die domein van die Maleiergemeenskap geword. Baie van die ambagte is van geslag tot geslag in sekere families oorgedra. In 1834 is slawerny afgeskaf.

**Moslem-Afrikaans** is een van die vroegste soorte Afrikaans aan die Kaap. Baie slawe het die Islamitiese geloof aangeneem, en hulle het die Koran leer verstaan deur teksgedeeltes en godsdienstige gebruike as oefeninge uit te skryf. Daar was gedurende hierdie tydperk 'n hoër persentasie van geletterdheid onder die Moslem-slawe as onder die Nederlandse matrose en soldate, aangesien die slawe se Islamitiese godsdienst vereis het dat hulle die Koran en godsdienstige geskrifte moes kon lees. Teen 1842 het een uit elke drie Kapenaars die Moslemgeloof beoefen. Die skryfoefeninge is gedoen in die Kaapse Afrikaans wat hulle gepraat het, maar met die Arabiese alfabet. Die oefeningboeke is *kopiesboeke* genoem en is steeds waardevolle dokumente oor hoe vroeë Kaapse Afrikaans gelyk het.

Dit was van die neerskryf van godsdienstige oefeninge maar 'n klein stap om dieselfde alfabet aan te wend om hul eie taal neer te skryf. Daar is sedert ongeveer 1800 begin met die gebruik om Afrikaans in Arabiese skrif weer te gee. Eers net met die neerskryf van name en enkele woorde en later meer breedvoerig. Aanvanklik is die Maleise alfabet gebruik en later die aangepaste Arabiese alfabet van Abu Bakr Effendi. Hy het die Kaap in 1860 besoek en gedurende sy tyd hier die Arabiese alfabet aangevul om die Afrikaanse klanke weer te gee. Die aangepaste Arabiese alfabet is gebruik om Afrikaans foneties voor te stel. In 1871 word Abu Bakr Effendi se *Bayaan-ud-diyn* ('n verklaring van die godsdienst) in Konstantinopel gedruk in Arabiese Afrikaans (Afrikaans in Arabiese letters). Tussen 1870 en 1950 is ten minste 78 boeke in Arabiese Afrikaans geskryf. Daar is vandag nog mense van die Moslemgemeenskap in die Kaap wat hierdie Arabiese Afrikaans gebruik in hul alledaagse lewens.

## **Vroeë variante van Afrikaans**

Aangesien die bogenoemde groepe in 'n mate apart van mekaar geleef het, het daar gedurende die 18de eeu drie vroeë variante van Afrikaans ontstaan. Dit was Kaapse Afrikaans, OranjerivierAfrikaans en OosgrensAfrikaans. Kaapse Afrikaans is hoofsaaklik gepraat deur die slawe gemeenskap en hul nasate en het heelwat Maleier en Arabiese invloede bevat. Dit kan vandag nog in die Wes-Kaap en veral die Bo-Kaap gehoor word. OranjerivierAfrikaans is gepraat deur die Khoi gemeenskap en hulle nasate en is sterk deur die Khoi-tale gekleur. Hierdie variant het hoofsaaklik in die Noord-Kaap voorgekom en kan beskou word as die basis van Namakwaland Afrikaans en Griekwa Afrikaans. Oosgrens Afrikaans is hoofsaaklik gepraat deur die Europese trekboere wat eers na die oosgrens van die Kolonie getrek het en later na die binneland om die Boere Republieke te stig. Dit is uit hierdie variant wat die sogenaamde Standaard Afrikaans ontwikkel het.

## **Invloede van Engels**

Die eerste Britse oornamering in 1795 het die eerste taalkontak tussen Afrikaans en Engels bewerkstellig, maar Engels sou eers na die Tweede Britse oornamering in 1806 'n groot invloed op Afrikaans begin uitoefen. Die streng angliseringsbeleid van Somerset met sy Taalproklamasie van 1822 en die koms van die Britse Setlaars in 1820 het die kontak en wederkerige invloed tussen Afrikaans en Engels aansienlik versnel. Alhoewel mense lank gestry het teen die oornamering van Engelse woorde in Afrikaans, het die taal tog ook deur verskynsels soos direkte vertalings, anglisismes en Engelse sinskonstruksie 'n invloed op Afrikaans uitgeoefen. In die moderne tyd is dit eintlik 'n natuurlike uitvloeisel van die tweetalige aard van die Suid-Afrikaanse kultuur en gewoonlik hoe hoër die opvoedingspeil, hoe meer tweetalig. Langenhoven het reeds in 1935 die volgende daaroor te sê gehad: *“Deurdad Engels vir ons so bekend is dat ons hom nie meer as 'n vreemde taal voel nie, kom baie Engelse idiome ons nie meer as eienaardige Engelse vorms van spreekwyse voor nie maar as gewone taalvorms, en dan dra ons hulle letterlik oor sonder om bewus te wees van wat ons doen. Dis dan eintlik nie 'n sonde van onkunde nie, maar van te veel kennis.”* Hierdie tweetaligheid is veral opvallend in die taal van jong Afrikaanssprekende mense vandag en kom sterker na vore in die taalgebruik van sekere groepe bv studentetaal waar daar baie Engelse woorde en direkte vertalings gehoor kan word.

## Invloed van die Afrikatale

Die inheemse Afrikatale het Afrikaans eers 'n bietjie later begin beïnvloed soos wat die trekboere gedurende die 19de eeu met die inheemse bevolking kontak gemaak het. Hierdie beïnvloeding was meer streekgebonde na gelang van die groepe wat in elke gebied gewoon het. Aangesien die kultuurkontak nie so intensief was soos in die geval van die slawe en die Khoi nie, het beïnvloeding hier ook stadiger plaasgevind. Die meeste van die invloede is woordeskat wat uit Nguni-tale, Zulu en Xhosa, ontleen is. Hierdie tale beïnvloed Afrikaans nog steeds in die moderne konteks en die taal van Afrikaansprekendes vandag word meer en meer gekleur deur ontlenings uit die Afrikatale. In 'n multikulturele opset soos Suid-Afrika is dit byna vanselfsprekend dat die verskillende kultuurgroepe se tale deurlopend op mekaar 'n invloed sal hê. Dit word daagliks gestaaf deur die gemak waarmee jongmense vandag hulself aan verskeie taalidome help om hulself uit te druk, dikwels met sommer drie of vier tale se woordeskat in een sin!

### Bronnelys:

- |                              |         |                                                                                                                                         |
|------------------------------|---------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Donaldson, BC                | 1991    | <i>The influence of English on Afrikaans - A case study of linguistic change in a language contact situation</i> , Academica: Pretoria. |
| Eppink, DJ                   | 1996    | Maleis het Nederlands ook taamlik beïnvloed ( <i>WêreldBurger</i> , 13/11/1996:4).                                                      |
| Olivier, G & A Coetzee (red) | 1994    | <i>Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans</i> , Southern Boekuitgewers: Halfweghuis.                                        |
| Raidt, EH                    | 1974(?) | <i>Afrikaans en sy Europese verlede</i> , Nasou Beperk: Kaapstad                                                                        |
| Scholtz, Jdu P               | 1980    | <i>Wording en ontwikkeling van Afrikaans</i> , Tafelberg: Kaapstad.                                                                     |
| Van Rensburg, C (red)        | 1997    | <i>Afrikaans in Afrika</i> , JL van Schaik: Pretoria.                                                                                   |
| Van Rensburg, MCJ            | 1990    | <i>Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika</i> , Patmos: Bloemfontein.                                                    |
| Whitehead, M                 | 1984    | How Mrs Souliers' rude remarks to the Baron helped foster Afrikaans ( <i>Sunday Express</i> , 30/9/1984:13).                            |